## 25 November Haggai 2:1-9

### *Deur God eerste te stel seën Hy my gebroke bouwerk*

Op die 17de Oktober is die volk besig om op die tempelplein hulle bouwerk te beoordeel. Hulle voel almal moedeloos want die tempel wat hulle nou besig is om te bou vergelyk glad nie in grootte en glorie met die vorige tempel nie. Hulle voel skaam en teleurgesteld omdat hulle nie in staat is om weer so 'n wonderlike tempel te bou soos wat Salomo gebou het nie. Hulle harte was nou in die werk, maar toe kom die besef dat hulle werk gebroke is. En dan kom die Here om hulle te bemoedig: Skep moed, want onthou Ek is met julle. Dit is nie julle wat werk nie; dit is Ek wat deur my Gees besig is om deur julle te werk en Ekself sal julle gebroke bouwerk gebruik om vir My 'n volmaakte koninkryk te vestig. Daarom die belofte dat die tempel wat Hy bou groter in glorie sal wees as dié van Salomo. Want die tempel wat God in Christus gebou het is elke ware gelowige wat God met oorgawe dien. En al is my dienswerk aan God gebroke, vervolmaak Hy dit deur die dienswerk van Christus en gebruik Hy dit om sy Koninkryk nou hier op aarde te vestig. Daarom: Hou moed, doen jou dienswerk vandag met oorgawe - God sal dit volmaak gebruik tot sy eer.

Sing: Psalm 90:9 Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes)